

GEDENKWAARDIGHED (B)

Graad 6



A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bekend te stel aan monumente en standbeelde van mense en gebeurtenisse wat help bou het aan die Afrikanervolk.
2. Te laat besef hoe die verlede, die hede en ook die toekoms in mekaar verweef is.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. die HAT of enige ander verklarende woordeboek gebruik om vas te stel wat beteken gedenkwaardighede, besienswaardigheid, museum, standbeeld, ruitersstandbeeld, gedenktuin en erfenis. Bespreek as groep die woorde en maak seker dat jy die betekenis daarvan aan ander kan verduidelik.
2. Bespreek hoekom monumente of standbeelde opgerig word, en wie verantwoordelik is vir die finansiering daarvan.
3. Bespreek wat gebeur met monumente of standbeelde wat verwyder word en bespreek wat ons daaraan kan doen. (Grondwetlike regte)
4. Weet hoe die plaat lyk wat op Nasionale gedenkwaardighede aangebring word.
5. 'n monument, standbeeld of gebou kies wat vir hom 'n besondere betekenis as Afrikanerkind inhou en verduidelik waarom juis dié monument gekies is.
6. een hedendaagse Afrikaner of Afrikanergebeurtenis noem waarvoor daar ook 'n standbeeld of monument opgerig behoort te word en verduidelik waarom.
7. **TWEE** van die volgende **vier** afdelings kies om navorsing oor te doen.

Afdeling A: Monumente

- Versamel foto's, prente of sketse van vyf monumente in ons land.
- Stel vas waar elkeen opgerig is en hoekom dit gebou is.
- Stel vas wie die argitek of ontwerper van die vyf monumente was.
- Besoek **een** van die monumente (indien moontlik).
- Verstaan en bespreek die simboliek van die monumente.

Afdeling B Ruitersstandbeelde

- Doen navorsing oor vyf ruitersstandbeelde in ons land.
- Stel vas ter ere van wie dit opgerig is.
- Bekom prente of foto's van die standbeelde.
- Stel vas wie die beeldhouer was van die vyf standbeelde
- Besoek **een** van die standbeelde (indien moontlik)

Afdeling C Standbeelde

- Doen navorsing oor vyf standbeelde van persone wat 'n besondere rol in ons geskiedenis gespeel het.
- Bekom inligting en prente of foto's van die standbeelde.
- Stel vas wie die beeldhouer was van die vyf standbeelde
- Besoek **een** van die standbeelde (indien moontlik)

Afdeling D Geboue

- Doen navorsing en bekom foto's, prente of sketse van vyf historiese geboue in ons land wat reeds die teken as Nasionale gedenkwaardighede ontvang het.
- Maak 'n studie van die geskiedenis van minstens drie van die geboue. (waar dit is, wanneer dit opgerig is en waarvoor die gebou opgerig is)
- Besoek **een** van die geboue (indien moontlik).

C AANBIEDING

1. Vereiste 1: Dit is nodig dat die kind 'n goeie begrip het van al die woorde. Gebruik 'n goeie woordeboek sodat 'n definisie saamgestel kan word.
2. Vereiste 2 en 3: Spreek vanself
3. Alle geskrewe inligting sowel as foto's, sketse en prente kan in 'n plakboek geplak word.
4. Die kinders moet die nodige respek teenoor gedenkwaardighede geleer word.
5. Vereiste 4: Besoek 'n plek waar so 'n plaat aangebring is indien moontlik.
 - Verduidelik die embleem op die plaat.
 - Weet wat die doel van die Raad van Gedenkwaardighede is.
 - Weet wat dit beteken as 'n gebou 'n Nasionale Gedenkwaardigheid is.
6. Vereiste 5 en 6: Die vereistes kan bespreek na vereiste 7 voltooi is.
7. Vereiste 7: Lees elkeen van die afdelings se vereistes deur sodat 'n ingeligte keuse gemaak kan word. U kan egter meer van die afdelings doen as die belangstelling daar is. Hou net in gedagte dat al die vereistes by elke afdeling nagekom moet word.

U kan van die volgende gebruik maak wanneer plekke besoek word:

- Besoek eers self die plek of win inligting in wat u kan oordra aan die kinders.
- Indien brosjures oor die plek beskikbaar is, kan dit aan elkeen verskaf word.
- Neem foto's.
- Maak gebruik van kenners om by die monument of standbeeld die kinders in te lig.
- Vertel waarom hierdie monument, standbeeld of gebou jou aanspoor om 'n beter Afrikaner te wees.